Argief.

# OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE
# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA.

*UITGAWE OP GESAG.* *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

10c Thursday 6 May 1971 WINDHOEK Donderdag 6 Mei 1971 No. 3157

CONTENTS INHOUD *Page/Bladsy*

**DRAFT ORDINANCE:** **ONTWERPORDONNANSIE:**

Crematorium Draft Ordinance, 1971 . . . . . . . Ontwerpordonnansie op Krematoriums, 1971 . 280

## Draft Ordinance

The following Draft Ordinance is published for general information.

J. J. KLOPPER,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

## Ontwerpordonnansie

Die volgende Ontwerpordonnansie word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

# DRAFT ORDINANCE

To provide for the establishment, maintenance, management, use and control of crematoria and for matters incidental thereto.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

Definitions.

1. In this Ordinance, unless the context otherwise indicates —

(i) "cremate" means to reduce any human remains to ashes by burning or the application of heat, and "cremation" has a corresponding meaning; (vi)

(ii) "crematorium" means any building fitted with appliances for cremation, including everything essential, incidental or ancillary thereto and includes any structure which, in any special circumstances, the Administrator may approve as a crematorium; (iii)

(iii) "inspector" means an inspector appointed in terms of section 7 of this Ordinance; (ii)

(iv) "local authority" means the council of any municipality or any village management board and includes the Peri-Urban Development Board established in terms of the provisions of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970, (Ordinance 19 of 1970); (iv)

(v) "proprietor" in relation to a crematorium, means any local authority or any person or any society or other association of persons, whether incorporated or not, responsible for the maintenance, management and control of a crematorium; (i)

(vi) "regulation" means a regulation made and in force under this Ordinance. (v)

Authority of Administrator to approve establishment of a crematorium.

2. (1) The Administrator may, subject to such conditions as he may deem expedient, grant to any local authority or any person or any society or other association of persons, whether incorporated or not, approval to establish and maintain a crematorium and to regulate the management, control and use thereof, including the authority to levy charges for the use of such crematorium.

(2) The approval granted in terms of subsection (1) shall not be effective until the provisions of this Ordinance, the regulations and any condition imposed by the Administrator have been complied with.

Conditions for the establishment of a crematorium and the registration thereof.

3. (1) Notwithstanding anything contained in any other law, no crematorium shall be established unless the site, plans and specifications thereof have been approved by the Administrator.

(2) Notwithstanding anything contained in any other law, no cremation shall be performed in any crematorium unless the Administrator has granted to the proprietor thereof a certificate of registration in respect of such crematorium, and that certificate shall only be granted if the Administrator is satisfied that such crematorium, has been established in accordance with the requirements of subsection (1) and that the crematorium is properly equipped for the purpose which it is intended to serve.

# ONTWERPORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die totstandkoming, instandhouding, bestuur en gebruik van en die beheer oor krematoriums en vir aangeleenthede in verband daarmee.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:—

Woordomskrywing.

1. Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Ordonnansie —

(i) „eienaar" met betrekking tot 'n krematorium, enige plaaslike bestuur of enige persoon of genootskap of ander vereniging van persone, hetsy met regspersoonlikheid beklee al dan nie, wat vir die instandhouding en bestuur van en die beheer oor 'n krematorium verantwoordelik is; (v)

(ii) „inspekteur" 'n inspekteur aangestel ingevolge artikel 7 van hierdie Ordonnansie; (iii)

(iii) „krematorium" enige gebou wat toegerus is met toestelle vir verassing, met inbegrip van alles wat daarvoor noodsaaklik, daaraan verbonde of daartoe bykomstig is en sluit in enige struktuur wat die Administrateur in enige spesiale omstandighede as 'n krematorium goedkeur; (ii)

(iv) „plaaslike bestuur" die raad van enige munisipaliteit of enige dorpsbestuur en sluit in die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling ingestel ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling 1970 (Ordonnansie 19 van 1970);(iv).

(v) „regulasie" 'n regulasie wat kragtens hierdie Ordonnansie uitgevaardig en van krag is; (vi)

(vi) „veras" om enige menslike oorskot te veras deur verbranding of die aanwending van hitte, en het „verassing" 'n ooreenstemmende betekenis. (i)

Bevoegdheid van Administrateur om goedkeuring tot oprigting van 'n krematorium te verleen.

2. (1) Die Administrateur kan, onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat hy dienstig ag, aan enige plaaslike bestuur of enige persoon of genootskap of ander vereniging van persone, hetsy met regspersoonlikheid beklee al dan nie, goedkeuring verleen om 'n krematorium op te rig en in stand te hou en om die bestuur, beheer en gebruik daarvan te reël; met inbegrip van die bevoegdheid om gelde te hef vir die gebruik van sodanige krematorium.

(2) Die goedkeuring ingevolge subartikel (1) verleen, is nie van krag nie totdat die bepalings van hierdie Ordonnansie, die regulasies en enige voorwaarde deur die Administrateur opgelê, nagekom is.

Voorwaardes vir die oprigting van 'n krematorium en die registrasie daarvan.

3. (1) Ondanks enige bepaling in enige ander wet vervat, word geen krematorium opgerig nie, tensy die terrein planne en spesifikasies daarvan deur die Administrateur goedgekeur is.

(2) Ondanks enige bepaling in enige ander wet vervat, mag geen verassing in enige krematorium verrig word nie, tensy die Administrateur aan die eienaar daarvan 'n registrasiesertifikaat ten opsigte van sodanige krematorium toegestaan het, en dié sertifikaat word alleen toegestaan indien die Administrateur daarvan oortuig is dat sodanige krematorium opgerig is ooreenkomstig die vereistes van subartikel (1) en dat die krematorium behoorlik toegerus is vir die doel waarvoor dit gebruik sal word.

(3) No approval in terms of subsection (1) shall be granted unless the local authority or person or society or other association of persons applying for that approval, has been granted such approval as contemplated in section 2 (1).

Site of crematorium.

4. No crematorium may be established within two hundred metres of the boundary of any land belonging to any other person, without the consent in writing of the owner and occupier of such land, unless the Administrator has granted authority to dispense with the consent of any or all such owners and occupiers, or within fifty metres of any public road, street, thoroughfare or public place: Provided that the foregoing provision shall not apply to the establishment of a crematorium in any cemetery under the management and control of a local authority.

Inspection before granting of certificate of registration.

5. Before granting a certificate of registration in terms of section 3 (2) the Administrator may require that the crematorium concerned and the equipment and appliances to be used in connection therewith be inspected by an inspector or by any officer or person whom the Administrator may appoint for that purpose.

Cremation to be performed in registered crematorium only.

6. After the commencement of this Ordinance, no person shall perform, or permit or take part in the performance of, a cremation in any place other than a crematorium in respect of which a certificate of registration has been granted in terms of section 3 (2).

Appointment of inspectors.

7. The Administrator may appoint one or more persons as an inspector or inspectors for the purposes of enforcing this Ordinance and the regulations, and every inspector so appointed, shall be furnished with a certificate, signed by the Secretary for South West Africa, that he has been so appointed.

Powers of inspectors.

8. (1) Any inspector may enter any crematorium in respect of which a certificate of registration has been granted in terms of section 3 (2) and inspect such crematorium in order to ascertain whether it is being maintained, managed and used in a proper, decent and orderly manner and whether the provisions of this Ordinance and the regulations are being observed and complied with.

(2) Such power of inspection shall include the right to inspect any register or record which the proprietor of a crematorium is required to keep in terms of any regulation and such register or record shall, without delay, be made available to any inspector at his request.

(3) Any inspector may call upon the proprietor or any employee of such proprietor, to furnish such information as he may reasonably require in connection with any inspection contemplated in terms of subsection (1).

(4) Any inspector may enter upon any land or enter any building or any crematorium in respect of which no certificate of registration has been granted in terms of section 3 (2) for the purpose of carrying out an inspection thereof, including the inspection of any book or document, if he has reasonable grounds for believing that any cremation is being performed on such land or in such building or crematorium and he may make such enquiries of any person found on such land or in such building or crematorium or who has any connection therewith, as he may deem expedient, for the purpose of ascertaining whether the provisions of this Ordinance and the regulations are being observed and complied with.

(5) Any inspector exercising any power conferred upon him in terms of this Ordinance or the regulations, shall, on demand, produce the certificate issued to him in terms of section 7.

(3) Geen goedkeuring word ingevolge subartikel (1) verleen nie, tensy daar aan die plaaslike bestuur of persoon of genootskap of ander vereniging van persone wat aansoek doen om daardie goedkeuring, sodanige goedkeuring soos beoog in artikel 2 (1) verleen is.

4. Geen krematorium mag opgerig word nie binne tweehonderd meter van die grens van enige grond wat aan enige ander persoon behoort, sonder die skriftelike toestemming van die eienaar en bewoner van sodanige grond, tensy die Administrateur die bevoegdheid verleen het om van die toestemming van enige of alle sodanige eienaars af te sien, of binne vyftig meter van enige openbare pad, straat, deurgang of openbare plek: Met dien verstande dat die voorgaande bepalings nie van toepassing is nie op die oprigting van 'n krematorium in enige begraafplaas onder die bestuur en beheer van 'n plaaslike bestuur. Terrein van Krematorium.

5. Die Administrateur kan, alvorens hy 'n registrasiesertifikaat ingevolge artikel 3 (2) toestaan, vereis dat die betrokke krematorium en die toerusting en toestelle wat in verband daarmee gebruik sal word, deur 'n inspekteur of deur enige beampte of persoon wat die Administrateur vir dié doel aanstel, geïnspekteer word. Inspeksie voor toestaan van registrasiesertifikaat.

6. Na die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie mag niemand 'n verassing verrig of dit toelaat of deelneem aan die verrigting daarvan nie in enige plek behalwe 'n krematorium ten opsigte waarvan 'n registrasiesertifikaat ingevolge artikel 3 (2) toegestaan is. Verassing alleen in geregistreerde krematorium verrig te word.

7. Die Administrateur kan een of meer persone as 'n inspekteur of inspekteurs vir die toepassing van hierdie Ordonnansie en die regulasies aanstel en elke aldus aangestelde inspekteur word voorsien van 'n sertifikaat, deur die Sekretaris van Suidwes-Afrika onderteken, dat hy aldus aangestel is. Aanstelling van Inspekteurs.

8. (1) Enige inspekteur kan enige krematorium ten opsigte waarvan 'n registrasiesertifikaat ingevolge artikel 3 (2) toegestaan is, binnegaan en sodanige krematorium inspekteer met die doel om vas te stel of dit op 'n behoorlike, betaamlike en ordelike wyse in stand gehou, bestuur en gebruik word en of die bepalings van hierdie Ordonnasie en die regulasies in ag geneem en nagekom word. Bevoegdhede van Inspekteurs.

(2) Sodanige inspeksiebevoegdheid sluit ook die reg in om enige register of rekord wat die eienaar van 'n krematorium ingevolge enige regulasie moet hou te inspekteer en sodanige register of rekord moet op versoek van enige inspekteur onverwyld aan hom beskikbaar gestel word.

(3) Enige inspekteur kan van die eienaar of enige werknemer van sodanige eienaar eis om hom te voorsien van sodanige inligting as wat hy redelikerwys in verband met 'n inspeksie ingevolge subartikel (1) benodig.

(4) Enige inspekteur kan enige grond betree of enige gebou of enige krematorium ten opsigte waarvan geen registrasiesertifikaat ingevolge artikel 3 (2) toegestaan is nie, binnegaan met die doel om dit te inspekteer, met inbegrip van die inspeksie van enige boek of dokument, indien hy redelike gronde het om te glo dat enige verassing verrig word op sodanige grond of in sodanige gebou of krematorium en hy kan by enige persoon wat op sodanige grond of in sodanige gebou of krematorium gevind word of wat daarmee verband het, sodanige navrae doen as wat hy dienstig ag, met die doel om vas te stel of die bepalings van hierdie Ordonnansie en die regulasies in ag geneem en nagekom word.

(5) Enige inspekteur wat enige bevoegdheid aan hom verleen ingevolge hierdie Ordonnansie of die regulasies, uitoefen, moet die sertifikaat ingevolge artikel 7 aan hom uitgereik, op aanvraag toon.

Closing of a crematorium.

9. (1) If an inspector, after inspection of a crematorium by him, certifies that such crematorium is defectively or inadequately constructed or equipped, or is in a state of disrepair or constitutes a nuisance within the meaning of the Public Health Act, 1919, (Act 36 of 1919), as applied to the Territory of South West Africa by the Public Health Proclamation, 1920 (Proclamation 36 of 1920), the Administrator may issue a closing order, requiring that such crematorium or a part thereof be closed and remain closed permanently or until any instruction given by the Administrator to remedy such defect, inadequacy or disrepair or to abate such nuisance, has been complied with to his satisfaction.

(2) If the proprietor of a crematorium contravenes or fails to comply with any provision of this Ordinance or the regulations or if the Administrator is not satisfied that such crematorium is being maintained, managed, controlled or used in a fit, decent and proper manner, the Administrator may issue a closing order requiring that such crematorium be closed and remain closed permanently or for such period as the Administrator may deem fit.

(3) If a closing order in terms of subsection (1) or (2) has been issued in respect of a crematorium or a part thereof, no person shall perform or permit or take part in the performance of, a cremation in such crematorium or part thereof, as the case may be, unless the reopening thereof has been approved by the Administrator.

Regulations.

10. (1) Subject to the provisions of the Births, Marriages and Deaths Registration Act, 1963 (Act 81 of 1963), the Administrator may make regulations not inconsistent with the provisions of this Ordinance —

(a) in respect of the construction and establishment of a crematorium and any equipment and appliance to be used in connection therewith;

(b) in respect of an application for a certificate of registration in respect of a crematorium as required in terms of section 3, any information or document to be furnished together with such application and in connection therewith and any condition subject to which such certificate shall be granted;

(c) requiring any person to advertise in a newspaper his intention to establish a crematorium, if the Administrator deems it expedient, and prescribing the form in which and the times at which such intention shall be advertised;

(d) in respect of the appointment, qualifications, duties and powers of a medical referee and a deputy medical referee for a crematorium, including a regulation requiring the prior approval of the Administrator for every such appointment;

(e) prescribing the conditions subject to which a cremation shall be performed;

(f) prescribing the form of an application for cremation and of any notice, certificate and declaration to be given or made before a cremation may be performed;

(g) requiring that the approval of the Administrator, subject to such conditions as he may impose, be obtained for the cremation of a deceased who has been buried for not less than one year;

9. (1) Indien 'n inspekteur, na inspeksie van 'n krematorium deur hom, sertifiseer dat sodanige krematorium gebrekkig of ontoereikend gebou of toegerus is of in 'n toestand van verval verkeer of 'n oorlas veroorsaak binne die betekenis van die Volksgezondheidswet, 1919 (Wet 36 van 1919) soos op die Gebied Suidwes-Afrika toegepas by die Publieke Gezondheids Proklamatie 1920 (Proklamasie 36 van 1920), kan die Administrateur 'n sluitingsbevel uitreik, wat vereis dat sodanige krematorium of 'n gedeelte daarvan gesluit word en permanent gesluit bly of gesluit bly totdat enige opdrag deur die Administrateur gegee om sodanige gebrek, ontoereikendheid of verval te herstel of om sodanige oorlas te verwyder, tot sy bevrediging nagekom is. Sluiting van 'n krematorium.

(2) Indien die eienaar van 'n krematorium enige bepaling van hierdie Ordonnansie of die regulasies oortree of versuim om dit na te kom of, indien die Administrateur nie oortuig is dat sodanige krematorium op 'n bekwame, betaamlike en behoorlike wyse in stand gehou, bestuur, beheer of gebruik word nie, kan die Administrateur 'n sluitingsbevel uitreik wat vereis dat sodanige krematorium gesluit word en permanent of vir sodanige tydperk as wat die Administrateur goedvind, gesluit bly.

(3) Indien 'n sluitingsbevel, ingevolge subartikel (1) of (2) ten opsigte van 'n krematorium of 'n gedeelte daarvan uitgereik is, mag niemand 'n verassing verrig of dit toelaat of deelneem aan die verrigting daarvan in sodanige krematorium of gedeelte daarvan, na gelang van die geval, nie, tensy die heropening daarvan deur die Administrateur goedgekeur is.

10. (1) Behoudens die bepalings van die Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle 1963 (Wet 81 van 1963), kan die Administrateur regulasies maak wat nie onbestaanbaar is met die bepalings van hierdie Ordonnansie nie — Regulasies.

(a) betreffende die bou en oprigting van 'n krematorium en enige toerusting en toestel wat in verband daarmee gebruik sal word;

(b) betreffende 'n aansoek om 'n registrasiesertifikaat ten opsigte van 'n krematorium, soos vereis ingevolge artikel 3, enige inligting of dokument wat tesame met sodanige aansoek en in verband daarmee verskaf moet word en enige voorwaarde waarop sodanige sertifikaat toegestaan word;

(c) wat vereis dat enige persoon, in 'n nuusblad sy voorneme om 'n krematorium op te rig, adverteer indien die Administrateur dit dienstig ag en wat die vorm waarin en die tye waarop sodanige voorneme geadverteer moet word, voorskryf;

(d) betreffende die aanstelling, kwalifikasies, pligte en bevoegdhede van 'n mediese skeidsregter en 'n adjunk-mediese skeidsregter vir 'n krematorium, met inbegrip van 'n regulasie wat vereis dat elke sodanige aanstelling vooraf deur die Administrateur goedgekeur moet word;

(e) wat die voorwaardes voorskryf waarop 'n verassing verrig moet word;

(f) wat die vorm van 'n aansoek om verassing en van enige kennisgewing, sertifikaat en verklaring wat gegee of gedoen moet word voordat 'n verassing verrig kan word, voorskryf;

(g) wat vereis dat die toestemming van die Administrateur, onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat hy oplê, verkry word vir die verassing van 'n oorledene wat vir nie minder nie as een jaar begrawe is;

(h) prescribing the powers and duties of an inspector;

(j) in respect of the management, control, use and maintenance of a crematorium;

(k) in respect of the disposal and interment of the ashes of human remains;

(l) in respect of the keeping and preservation of adequate registers and records of all cremations and of the identification of the ashes of human remains, including the manner in which such registers and records shall be kept and preserved; and

(m) generally making provision for all matters which the Administrator may consider necessary or advisable to be prescribed in order to give full effect to the provisions of this Ordinance and to achieve the objects and purposes of this Ordinance.

(2) The Administrator may, by notice in the *Official Gazette* suspend, in respect of such area and for such period as he may determine in that notice, the operation of any regulation, or he may declare such regulation to be inoperative in respect of the area and for the period so determined, or substitute for such suspended or inoperative regulation any other provision.

(3) Any by-law or regulation, relating to crematoria, made by a local authority in terms of any other law shall only be of force and effect in so far as such by-law or regulation is not in conflict with or repugnant to the provisions of this Ordinance or the regulations.

Offences and penalties.

11. Any person who —

(a) contravenes or fails to comply with any provision of this Ordinance or the regulations or contravenes or fails to comply with any condition imposed by the Administrator in terms of this Ordinance or the regulations; or

(b) wilfully obstructs, resists or hinders any inspector in the exercise of his powers or performance of his duties or refuses or fails to comply to the best of his ability with any lawful instruction or request given or put by such inspector; or

(c) for the purpose of procuring a cremation, wilfully makes a false declaration or representation or issues a false certificate; or

(d) makes a statement to an inspector which is false in any material particular, knowing the same to be false; or

(e) with intent to conceal the commission of an offence or to hinder any investigation or prosecution in connection with any alleged offence, performs or procures or takes part in the performance of a cremation or with like intent makes a declaration or issues a certificate relating to a cremation, shall be guilty of an offence and shall be liable —

(i) on conviction of an offence mentioned in paragraph (a) or (b), to a fine not exceeding two hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months; or

(h) wat die bevoegdhede en pligte van 'n inspekteur voorskryf;

(j) betreffende die bestuur, beheer, gebruik en instandhouding van 'n krematorium;

(k) betreffende die beskikking oor en die begrawing van die asse van menslike oorskot;

(l) betreffende die hou en bewaring van toereikende registers en rekords van alle verassings en van die identifikasie van die asse van menslike oorskot, met inbegrip van die wyse waarop sodanige registers en rekords gehou en bewaar moet word; en

(m) om in die algemeen voorsiening te maak vir alle aangeleenthede wat die Administrateur nodig of raadsaam ag om voorgeskryf te word ten einde ten volle gevolg te gee aan die bepalings van hierdie Ordonnansie en om die oogmerke en doelstellings van hierdie Ordonnansie te bereik.

(2) Die Administrateur kan, by kennisgewing in die *Offisiële Koerant*, die toepassing van enige regulasie opskort ten opsigte van sodanige gebied en vir sodanige tydperk as wat hy in daardie kennisgewing bepaal of hy kan verklaar dat sodanige regulasie ten opsigte van die gebied en vir die tydperk so bepaal, nie geld nie, of dat sodanige regulasie wat opgeskort is of nie geld nie, deur enige ander bepaling vervang word.

(3) Enige verordening of regulasie met betrekking tot krematoriums wat deur 'n plaaslike bestuur ingevolge enige ander wet gemaak word, is slegs van krag in soverre sodanige verordening of regulasie nie strydig of onbestaanbaar met die bepalings van hierdie Ordonnansie of die regulasies is nie.

11. Iedereen wat — Misdrywe en Strawwe.

(a) enige bepaling van hierdie Ordonnansie of die regulasies oortree of versuim om dit na te kom, of enige voorwaarde deur die Administrateur ingevolge hierdie Ordonnasie of die regulasies opgelê, oortree of versuim om dit na te kom; of

(b) enige inspekteur by die uitoefening van sy bevoegdhede of die uitvoering van sy pligte opsetlik belemmer, weerstaan of hinder of weier of versuim om na die beste van sy vermoë te voldoen aan enige wettige opdrag of versoek deur sodanige inspekteur gegee of gerig; of

(c) opsetlik 'n valse verklaring of voorstelling doen of 'n valse sertifikaat uitreik met die doel om 'n verassing te verkry; of

(d) 'n verklaring aan 'n inspekteur doen wat vals is in enige wesenlike opsig wel wetende dat dit vals is; of

(e) met die doel om die pleging van 'n misdryf te verberg of om enige ondersoek of vervolging in verband met enige beweerde misdryf te hinder, 'n verassing verrig of dit verkry of aan die verrigting daarvan deelneem of met dieselfde doel 'n verklaring of 'n sertifikaat met betrekking tot 'n verassing doen of uitreik, is skuldig aan 'n misdryf en strafbaar —

(i) by skuldigbevinding aan 'n misdryf vermeld in paragraaf (a) of (b), met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande; of

(ii) on conviction of an offence mentioned in paragraph (c) or (d), to a fine not exceeding eight hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding two years; or

(iii) on conviction of an offence mentioned in paragraph (e), to a fine not exceeding two thousand rand or to imprisonment for a period not exceeding five years.

Enquiries as to the carrying out of the provisions of the Ordinance and the regulations.

12. The Administrator may authorize any person to make such enquiries as the Administrator deems expedient for the purpose of ascertaining whether the provisions of this Ordinance and the regulations are being complied with.

Power to prohibit or delay cremation.

13. Nothing contained in this Ordinance or the regulations shall prevent any person entrusted with the investigation of crime on behalf of the State, from prohibiting or delaying any cremation in the execution of his duties for which purpose he may suspend any certificate or other authority authorizing the performance of a cremation, pending any such investigation as he may deem necessary.

Short Title.

14. This Ordinance shall be called the Crematorium Ordinance, 1971.

(ii) by skuldigbevinding aan 'n misdryf vermeld in paragraaf (c) of (d), met 'n boete van hoogstens agthonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar; of

(iii) by skuldigbevinding aan 'n misdryf vermeld in paragraaf (e), met 'n boete van hoogstens tweeduisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar.

Navrae met betrekking tot nakoming van die bepalings van die Ordonnansie en die regulasies.

12. Die Administrateur kan aan enige persoon die bevoegdheid verleen om sodanige navrae te doen as wat die Administrateur dienstig ag met die doel om vas te stel of die bepalings van hierdie Ordonnansie of die regulasies nagekom word.

Bevoegdheid om verassing te verbied of te vertraag.

13. Geen bepaling in hierdie Ordonnansie of die regulasies vervat, verhoed enige persoon aan wie die ondersoek van misdaad namens die Staat toevertrou is om in die uitvoering van sy pligte enige verassing te verbied of te vertraag nie, vir welke doel hy enige sertifikaat of ander magtiging wat die verrigting van 'n verassing magtig, kan opskort hangende enige sodanige ondersoek as wat hy nodig ag.

Kort Titel.

14. Hierdie Ordonnansie heet die Ordonnansie op Krematoriums, 1971.